KEURINGS

N groot dank aan Lourens Swart wat vanjaar alle keuringS gedoen het vir ons. Lourens het gekeur by 25 Simmentaler telers en by 17 Simbra telers. Hy het 8726 km gery en 117 ure by die telers spandeer . Lourens se : “Algemene foute wat in al die Simmentaler / Simbra kuddes voorkom in ‘n mindere en meerdere mate is,nl:

1. Swak lende veral by die vroulike diere.

2. Stertwortel aanhegting te naby aan die kruis en neiging tot bobbejaanstert en hiermee saam dakkige en plat kruise.

3. Koeihakkigheid. Dit wil voorkom of die foute ‘n positiewe korrelasie met mekaar het. Die een loop saam met die ander. Ongelukkig is struktureële foute hoogs oorerflik. Gelukkig werk dit andersom ook, met streng seleksie kan die foute reggemaak word. Gelukkig is daar baie goeie eienskappe ook in beide rasse. Wat opvallend is by die Simbras is dat kleur rooi, lig rooi met bles vinning besig is om die algemene kleur te word. Die bont simbras raak al hoe minder. Die skedes en naelvelle is ook besig om vining te verbeter. Hy het bitter min bulle afgekeur a.g.v. skedes en verse a.g.v. naelvelle.

Die krale is by almal goed genoeg om die keurings te doen, maar daar is nog produsente wat nie drukgange het nie. Die probleem is as daar ‘n onderkaak of bo-kaak is wat verdag lyk, dit moeilik is om daarna te kyk. My versoek is dat die telers asb. moet probeer dat die keurings by krale gedoen word waar drukgange is met ‘n kopskêr ”

Baie dankie Lourens vir jou insette, lojaliteit en moeite wat jy gedoen het.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

DESEMBER 2017

TELERSDAE

Die Simmentalers het n baie suksesvolle telersdag aangebied by Horsti Riedel en familie. N soortgelyke dag word beplan vir 2018 by Hendrik en Waldi Hamman. Simmentaler telers kan uitsien na so n dag.

Diethelm Metzger bied op 9 Mei n rooivleisproduksiedag aan op Kamab. Die program sal later bekend gemaak word, maar die dag se program sal handel oor n analise van die skaap en bees bedryf. Die gevare en geleenthede van die bedryf.

DNA HAARMONSTERS

Ons wil asb alle telers vra om n bondel sterthare van alle kuddebulle te trek, daar bestaan n moontlikheid dat SNIP ontledings op hulle gedoen gaan word . Doen asb die moeite om nou voor die bulle by die koeie gaan n bondel te trek en elke bul se hare in n aparte koevert te plaas met die ID nommer op. Hierdie koeverte moet by Hennie in Windhoek ingehandig word en hy sal hulle dan na die SA kantoor stuur. Ek maak geen beloftes nie , maar die moontlikheid is baie groot dat daar fondse beskikbaar sal wees vir die vervoer daarvan na die RSA. Ons wil graag die geleentheid benut. Die doel van SNIP monsters is om sekere gene in diere en bloedlyne te identifiseer wat seleksie sal vergemaklik en meer akurate teelwaardes sal gee.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

ALGEMENE JAARVERGADERING 2018

Die Algemen Jaarvergadering word gehou op 12 April 2018 te Windhoek om 10h00. N program vir die dag sal nog aan telers voorsien word.

SKANDERINGS

Telers wat aan die skanderingsprogram deelneem moet onthou dat die sluitingsdatum vir deelname is 31 Januarie 2018. Gee asb die getal diere deur aan die Windhoek kantoor (simnamibia@gmail.com) wat u 2018 wil laat skandeer

SIMXTRAVAGANZA VEILING

.
Tydens die afgelope veiling is die volgende pryse behaal.

17 Simmentaler bulle is aangebied waarvan 15 verkoop is teen n gemiddelde prys van N$ 46 733.00. Die duurste bul was N$ 72 000.00. 5 Simbra bulle is aangebied waarvan 3 verkoop is teen die hoogste prys van N$ 34 333.00.

Die SimXtravaganza veiling word aangebied op Vrydag, 19 Oktober 2018 om 11h00 by die Agra veilingskrale te Windhoek

BORGE

Ons wil graag ons dank uitspreek vir die borge wat ons deur die jaar ondersteun het.

SimXtravaganza: Hollard Namibia, Feedmaster en Agra Livestock wat dit moontlik gemaak het om sterk te adverteer maar kostes vir telers op n minimum te hou.

Windhoek Skou: Standard Bank vir die Standard Bank bul van die jaar kompetisie en die prysuitdeling funksie tydens die Windhoek Skou. Hennie Brisley van MSD Animal Heath was ook n borg tydens die Windhoek Skou. MSD het ook die Algemene Jaarvergadering geborg.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

Die Simbra 30 jaar Nasionale Kampioenskap: Die volgende borge het meegehelp tot die reuse sukses van die Simbra Nasionale Kampioenskap wat tydens die Windhoek Skou aangebied is, nl.

Feedmaster, vir die Simbra 30 jaar hemde

Santam, vir die touleiers se t hemde

Pupkewitz Megabuild, vir die Simbra 30 jaar hemde

Conserve, vir kontant (Simbra Braai)

Meatco, vir steaks gebraai deur Dirk Coetzee.

Daar was ook bydraes van Simbra telers wat meegemaak het tot die sukses. Ons graag die telers wat kom skou het met 100 puik Simbras weereens bedank vir hul opoffering.

DANKIE VIR 2017

Die Simmentaler en Simbra Genootskap van Namibie wens alle telers n voorspoedige Nuwejaar 2018 toe.

$$$

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER